21.11 BESWAARSKRIF VAN JL KRUGER RAKENDE DIE BESLUIT VAN DIE SINODE 2003 – OOR NAGMAALSVIERING (Artt 19, 39, 334)

A. Br JL Kruger stel die Beswaarskrif.
B. **Besluit:** Die Beswaarskrif word verwys na Beswaarskrifkommissie 1.
C. Ds C Aucamp lewer die Meerderheidsrapport namens die Beswaarskrifkommissie 1.
D. Ds MJJ Erasmus lewer die Minderheidsrapport namens die Beswaarskrifkommissie 1.

E. **BESWAARSKRIF**

1. Inleiding: motivering vir indiening van beswaar

In die *Oproep Nasionale Sinode 2003 (Die Kerkblad, 22* Mei 2002:25) meld die Skriba van die Deputate Korrespondensie (Agenda) in 5 die volgende:

Diegene wat Beswaarskrifte teen vorige Sinodebesluite wil indien, moet asseblief let op die prosedure wat deur die 1991-Sinode gestel is. Vergelyk Acta 1991:526-528, artikel 22..13.

1.1 Omdat hierdie beswaar bepaalde beginselsake soos Skrifgesag, Christus se bekragtiging van die Nuwe Verbond en sy bevel by die instelling van die Nagmaal, en gevolglik tersaaklike dele van die Belydenisskrifte en ook bepaalde woorde en woordwendinge in die Nagmaalsformulier raak, is die saak van so 'n dringende belang dat dit direk by die Sinode ingedien word.

1.2 Acta 1994:53, 3.2 verleen volle reg om die beswaar aan die Sinode te rig: *Die Beswaarskrif wil niks meer sê as dat die gewone kerklike weg vir die behandeling van alle sake onder KO, art 46 onder gewone omstandighede gevolg moet word met inagneming van KO, artt 30, 31 en 33. Die reg van direkte toegang tot enige meerdere vergadering vir aangeleenthede wat dit Skriftuurlik regverdig, word nie deur 1991 se besluit blokkeer nie.*

1.3 Die problematiek oor die uitleg van 'n sinodale besluit hoort by die Sinode tuis wat die besluit geneem het (KO, art 30). Geen mindere vergadering kan hieroor uitspraak gee nie.

2. Sinodebesluit waarteen beswaar gemaak word

Die beswaar raak bepaalde formulerings van 2.2 en 4.4 van Acta 2003 **(Errata is ingewerk)**. Om die beswaar in konteks te plaas word die hele besluit aangehaal:

F. RAPPORT VAN DIE AD HOC KOMMISSIE VIR PRE-ADVIES INSAKE NAGMAALSVIERING

1. Opdrag

Om die Sinode van advies te bedien oor Rapport Voortgaande studie oor die Nagmaal en Tweede Rapport van die Kommissie : Leerstellig 1.

Besluit: Kennis geneem.

2. Vertrekpunte

2.1 Kerkorde, art 62: "Elke kerk moet die Nagmaal hou op die wyse wat na sy oordeel tot die meeste stigting dien. Dit moet egter goed verstaan word dat die uitwendige seremonies wat in die Woord van God voorgeskryf is, nie verander mag word nie, dat alle bygeloof vermy moet word en dat ná die preek en algemene gebede, die Formulier van die Heilige Nagmaal, asook die gebed wat daarby behoort, gelees moet word".

2.2 In plaas daarvan om in ‘n bepaalde voorskriftelikheid te verval, verkies die Sinode in die lig van NGB, art 32 om kerke in hulle uitvoering van KO, art 62 van advies te bedien deur ‘n prinsipiële raamwerk – soos hieronder uiteengesit – te stel.

Besluit: Kennis geneem.

3. Prinsipiële raamwerk oor die wyse van Nagmaalsviering

Inleidend

Hierdie feesmaal is 'n geestelike maaltyd waar Christus Homself met al sy weldade aan ons meedeel en waar Hy ons Homself en die verdienste van sy lyding en sterwe laat geniet (NGB, art 35).

3.1 Die brood en wyn moet as tekens en seëls van die liggaam en bloed van Christus gebruik word (Matt 26:26-28; 1 Kor 11:23-26; NGB, art 35; HK, 25-29).

3.2 Daar moet by die viering van die Nagmaal tussen wesentlike aspekte en sakramentele handelinge onderskei word. Kerke behoort KO, art 62 dan binne die volgende raamwerk toe te pas:

3.2.1 Wesentlike aspekte

By die bediening van die heilige Nagmaal moet die dood van die Here in woord en daad verkondig word ("Doen dit tot my gedagtenis" (Luk 22:19); "verkondig die dood van die Here totdat Hy kom" (1 Kor 11:26)).

3.2.1.1 Die brood moet in geloof as teken en seël van die liggaam van Christus geëet word (vgl NGB, art 35; HK, 25-29).

3.2.1.2 Die wyn moet in geloof as teken en seël van die bloed van Christus gedrink word. Vergelyk die volgende Skrifgegewens:

"Drink almal daaruit" (Matt 26:28)

"Neem dit en deel dit onder julle"(Luk 22:17)

"Doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis"(1 Kor 11:25)

"So dikwels as julle hierdie brood eet of die beker van die Here drink, verkondig (julle) die dood van die Here totdat Hy kom"(1 Kor 11:26)

"Maar elkeen moet homself ondersoek voor hy van die brood eet en uit die beker drink"(1 Kor 11:28)

"As julle saamkom om nagmaal te vier, wag vir mekaar"(1 Kor 11:33).

Alhoewel Christus nie in een van die opdragte uitdruklik na wyn verwys nie, is die verband telkens duidelik van so 'n aard dat Hy bedoel dat wyn gedrink moet word as teken en seël van die bloed van Christus (NGB, art 35; HK, 25, 28, 29).

Besluit: Goedgekeur.

3.2.2 Sakramentele handelinge

Die Nagmaal het 'n maaltydkarakter en word gesamentlik deur die gelowiges gevier (1 Kor 11:33). Dit maak daarvan 'n gemeenskapsmaal.

3.2.2.1 Die brood moet aan almal uitgedeel word met die opdrag: "Neem, eet" (Matt 26:26; Mark 14:22; 1 Kor 11:23). Met hierdie sakramentele handeling word die feit dat Jesus sy liggaam as offer vir die sondes van ons almal gegee het, duidelik na vore gebring.

3.2.2.2 Die **beker wyn** moet aan almal uitgedeel word met die opdrag: "Drink almal daaruit" (Matt 26:28). Die drink van die wyn uit ('n) gemeenskaplike drinkbeker(s) dien om die geestelike geloofseenheid in Christus te simboliseer. Daarom het die drinkbeker, saam met die wyn as teken, 'n prominente plek en funksies.

Besluit: Goedgekeur.

4. Aanbevelings

4.1 Die Sinode keur bogenoemde prinsipiële raamwerk goed as advies aan kerke in hulle uitvoering van KO, art 62.

4.2 Die bogenoemde prinsipiële raamwerk dien as antwoord op die Beswaarskrifte teen die besluite van Sinode 1927 en 1930 (Acta 1994 :493-524).

4.3 Die prinsipiële raamwerk vervang die besluite van Sinode 1927 en 1930 en gevolglik ook die besluit in 6.6 (Acta:729) van Sinode 1997.

4.4 Waar daar in 'n plaaslike kerk alternatiewe weë van Nagmaalsviering binne die gestelde raamwerk mag voorkom, behoort daar met die liefde van Christus die nodige agting en begrip vir mekaar getoon word.

Besluit:

1. Goedgekeur.

2. Punt 3.2.2.3 in Acta 2000 (bi. 401) word geskrap.
Acta 2003, Artikel 21.8, p545
7. Implikasie

Dat die inleidende sinne by 3.2.2 'n toevoeging kry, om soos volg te lui: "Dit maak daarvan 'n gemeenskaps- en liefdesmaal gegrondves in die eenheid met Christus (vgl Joh 13-16, 1 Kor 10:16, 17).
Besluit: Goedgekeur.

3. Agtergrond

Sedert 2003 besit ons 'n “nuwe" Prinsipiële raamwerk tov die wyse van Nagmaalsviering.

3.1 Dit is die **resultaat** van 'n Beswaarskrif deur CFC Coetzee, LF Schulze en J Visser wat op grond van 4 beswaargronde gehandhaaf is:

3.1.1 Beswaargrond 1: Logies gesien is die formulering van 3.2.2.2 nie steekhoudend nie [3.2.2.2 Die wyn moet aan almal uitgedeel word ...]. 'n Mens kan immers nie "uit wyn" drink nie. Dit word verander na: Die **beker wyn** moet aan almal uitgedeel word.

3.1.2 Beswaargrond 2: Inhoudelik gesien leen die formulering van die slot van die sakramentele handelinge (3.2.2.3) onbedoeld tot paradoksale vertolking. [3.2.2.3 Indien kerke om gewigtige redes van gemeenskaplike drinkbekers afwyk, moet dit met verantwoording uit die Skrif gedoen word.] Die prinsipiële raamwerk gee aan die beker met wyn 'n prominente plek en funksie. Die uitgangspunt is dat die beker en wyn direk aanmekaar gebind is. Terwyl die Sinode met 3.2.2.3 die ordelike weg wil aandui hoe uitsonderlike gevalle by kerke hanteer moet word, maak die formulering hom onbedoeld oop vir teenstydige vertolkings, wat tog nie die bedoeling van die Sinode kon gewees het nie. Besluit oor 3.2.2.3: **Punt 3.2.2.3 in Acta 2000:401 word geskrap**.

3.1.3 Beswaargrond 3: Skriftuurlik gesien is die Skrif oor die instelling van die Nagmaal duidelik. Die Skrif se bedoeling word nie duidelik in die formulering van die besluite van die Sinode weergegee nie. Hierdie beswaargrond word gehandhaaf en die Ad Hoc Kommissie Vir Pre-advies Insake Nagmaalsviering (2003) verander die prinsipiële raamwerk as volg:

3.1.3.1 Die inleiding en wesentlike aspekte van die prinsipiële raamwerk word onveranderd behou.

3.1.3.2 By die sakramentele handelinge word die volgende wysigings aangebring:

3.1.3.2.1 Inleiding: Dit maak daarvan 'n gemeenskaps- **en liefdesmaal gegrondves in die eenheid met Christus (vgl Joh 13-16, 1 Kor 10:16,17)**.

3.1.3.2.2 By 3.2.2.2 word slegs die woord **beker** bygevoeg.

3.1.3.2.3 **Punt 3.2.2.3 word geskrap**.

3.1.4 Beswaargrond 4: Konfessioneel gesien kom die Nagmaalsformulier en die Geref Belydenisskrifte met die Skrif ooreen en leer duidelik die Nagmaalsviering as goddelike instelling met brood en beker. Die huidige praktyk om die instelling van kelkies met 'n beroep op 'n Sinodebesluit, maar sonder voldoende Skrifgegewens, te kondoneer is 'n verloëning van die NGB, artt 7 en 29. Daar word beredeneer dat: Indien daar afgewyk word van die gemeenskaplike beker bring dit spanning met die Belydenis en Nagmaalsformulier mee. **Hierdie beswaargrond word gehandhaaf**.

3.2 **<u>Konklusie</u>**

Die veranderde prinsipiële raamwerk rus op genoemde Beswaarskrif wat gehandhaaf is met die duidelike bedoeling dat Nagmaal met 'n beker gebruik moet word.

4. Beswaargronde

4.1 **<u>Beswaargrond 1</u>**

Punt 2.2 van die Sinodebesluit (Acta 2003) word gebruik om die duidelike bedoeling wat die prinsipiële raamwerk stel dat die Nagmaal net met ‘n gemeenskaplike

drinkbeker gehou moet word onder verdenking te bring en so kragteloos te maak.

Motivering

4.1.1 Onder Vertrekpunte, punt 2.2 [In plaas daarvan om in 'n bepaalde voorskriftelikheid te verval, verkies die Sinode in die lig van NGB, art 32 om kerke in hulle uitvoering van KO, art 62 van **advies** te bedien deur 'n prinsipiële raamwerk – soos hieronder uiteengesit – te stel. Besluit: Kennis geneem.] het die woord **advies** die implikasie dat die prinsipiële raamwerk gevolg kan word al dan en word in die kerkverband ook as sulks gebruik (vgl Bylae 2, punt 3.1)

Daar teenoor staan die feit dat die prinsipiële raamwerk 'n raamwerk is wat gegrond is op die Skrif en agv daarvan is dit bindend. Trouens, enige besluit van 'n meerdere vergadering wat geneem word is advies aan kerke, maar bindende advies behoudens die reg van appèl. Daarom word die woord **advies** onnodiglik in die vertrekpunt 2.2 gebruik wat die moontlikheid in hom dra om die hele prinsipiële raamwerk kragteloos te maak. (Vgl Kruger, LS ea, 1966. Handleiding by die Kerkorde van die GKSA:446-447 waar uiteindelik gekom word by die stelling: "advies van die Klassis is bindend, behoudens die reg van appèl".)

4.1.2 Onder Vertrekpunte, punt 2.2 (Acta 2003). [In plaas daarvan om in 'n bepaalde voorskriftelikheid te verval, verkies die Sinode in die lig van NGB, art 32 om kerke in hulle uitvoering van KO, art 62 van advies te bedien deur 'n prinsipiële raamwerk – soos hieronder uiteengesit – te stel. Besluit: Kennis geneem.] Die tweede gedeelte van KO, art 62 onder punt 2.1: Dit moet egter goed verstaan word dat die uitwendige seremonies wat in die Woord van God voorgeskryf is, nie verander mag word nie..., **wat pragtig in die prinsipiële raamwerk uitgedruk word,** word met 'n misplaaste verwysing na NGB, art 32 onder verdenking gebring. By implikasie word Nagmaalsviering aan die hand van die prinsipiële raamwerk op voetspoor van **NGB, art 32, hoogstens as "nuttig en goed"** voorgestel met die oog op 'n bepaalde "orde" wat nie die "eendrag en eenheid" tussen kerke mag skaad nie. Die prinsipiële raamwerk kan dus by implikasie as raamwerk dien met Nagmaalsviering of met die beker of met kelkies. Die inhoud van die prinsipiële raamwerk wat gegrond is op die Skrif mag nie gereduseer word tot mensgemaakte wette nie.

Die implikasie dat die prinsipiële raamwerk net as "nuttig en goed" beskou kan word noodsaak ons om die verwysings na **NGB, art 32** as 'n vertrekpunt uit die besluit te verwyder omrede die prinsipiële raamwerk duidelik gegrond is op die Skrif en ons op hoede moet wees om nie af te wyk van wat Christus, ons enigste Meester, vir ons ingestel het nie.

4.2 **Beswaargrond 2**

In punt 4.4 (Acta 2003) weerspreek die Sinode homself.

Motivering

4.2.1 Die Sinode het pas op grond van 'n Beswaarskrif wat geslaag het 'n "nuwe" prinsipiële raamwerk goedgekeur wat slegs die moontlikheid van Nagmaalviering met 'n gemeenskaplike drinkbeker moontlik maak waar daar **geen alternatiewe weë van nagmaalviering is nie**. In punt 4.4 (Acta 2003) word alternatiewe weë nou gebruik om nadat die prinsipiële raamwerk duidelik net van 'n gemeenskaplike drinkbeker praat, kelkies as 'n alternatiewe weg gesien (Bylae 3).

4.2.2 In punt 4.2 van Acta 2003 word dit gestel dat hierdie besluit 'n antwoord is op die Beswaarskrifte teen die besluite van Sinode 1927 en 1930. **Hierdie Beswaarskrifte was juis gemik teen net die gebruik van die gemeenskaplike drinkbeker alleen.** Die alternatiewe weë het juis te doen met of daar alternatiewe weë naas die gemeenskaplike drinkbeker(s) is, 'n moontlikheid wat nie deur die prinsipiële raamwerk toegelaat word op grond van die Beswaarskrif wat geslaag het nie.

5. Opsommend

Die beswaardes versoek die Sinode om in die lig van die beswaargronde punt 2.2 en 4.4 (Acta 2003) te skrap.

F. **MEERDERHEIDSRAPPORT VAN DIE KOMMISSIE**

1. Opdrag

Beswaarskrif van JL Kruger rakende die besluit van die Sinode 2003 – oor die Nagmaalsviering.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

2.1 Die beswaarde volg die weg wat Sinode 1991 gestel het vir die indiening van Beswaarskrifte.

2.2 In die Kommissie is geleentheid gegee vir mondelinge toeligting deur die beswaarde self en deur verskeie broeders, o.a. Prof CFC Coetzee wie se beswaar (saam met Visser en Schulze) teen ‘n besluit van Sinode 2000 gelei het tot die besluit van Sinode 2003, waarteen nou beswaar gemaak word.

2.3 Die Sinode neem kennis van 1 tot 3 van die beswaar.

Besluit: Kennis geneem van 2.1 tot 2.3.

3. Beredenering

3.1 *Oorsig oor die Beswaarskrif in sy geheel*

3.1.1 <u>Historiese verloop van besluite waarteen beswaar gemaak word</u>

1994: Deputate aangewys na Beswaarskrifte teen 1927 en 1930.

1997: Deputate kom met uiteenlopende Meerderheids- en Minderheidsrapport. Studiedeputate word aangewys, waarin die voordraers van albei Rapporte benoem word.

2000: Studiedeputate vind mekaar en lewer eendragtige Rapport wat ‘n prinsipiële raamwerk uit die Skrif as advies aan kerke daarstel, met ‘n aanbeveling: *Waar daar om gewigtige redes van die ooreengekome gebruik.... afgewyk moet word, moet elke kerk in verantwoordelikheid voor die Here beslis dat die afwyking onvermydelik is.* Die Rapport en prinsipiële raamwerk word verkort en gewysig aanvaar. Die aanbeveling hierbo word gewysig om te lees: *moet dit met verantwoording **uit die Skrif** gedoen word.*

2003: ‘n Beswaarskrif van Coetzee, Visser en Schulze, teen veral laasgenoemde besluit, word gehandhaaf as gevolg waarvan die Rapport van ‘n ad hoc-kommissie vir pre-advies aanvaar word, met 2 vertrekpunte: ‘n gering-gewysigde prinsipiële raamwerk en vier aanbevelings. (Rapport volledig in Beswaarskrif aangehaal.)

2006: Geen

2009: Twee Beswaarskrifte, albei teen die tweede vertrekpunt (2.2) en die laaste aanbeveling (4.4) van 2003 se aanvaarde Kommissierapport. Die Beswaarskrif onder behandeling is nie teen die aanvaarde prinsipiële raamwerk nie.

3.1.2 <u>Besluit waarteen beswaar gemaak word</u>

3.1.2.1 Volgens **beswaargrond 1** teen “vertrekpunt 2.2” in die besluit van 2003, waarvan Sinode 2003 kennis geneem het en wat die Sinode in die finale aanbevelings goedgekeur het:

In plaas daarvan om in bepaalde voorskriftelikheid te verval, verkies die Sinode in die lig van NGB, art 32 om kerke in hul uitvoering van KO, art 62 van advies te bedien deur ‘n prinsipiële raamwerk – soos hieronder uiteengesit – te stel.

3.1.2.2 Volgens **beswaargrond 2** teen aanbeveling 4.4 in die besluit van 2003 wat deur die Sinode goedgekeur is:

Waar daar in 'n bepaalde plaaslike kerk alternatiewe weë van Nagmaalsviering binne die gestelde raamwerk mag voorkom, behoort daar met die liefde van Christus die nodige agting en begrip vir mekaar getoon word.

Die beswaarde versoek die Sinode om al twee bogenoemde punte te skrap.

3.1.3 Gemeenskaplike vertrekpunt by albei beswaargronde

Die gemeenskaplike vertrekpunt by albei beswaargronde is geleë in die beswaarde se interpretasie van die aanvaarde prinsipiële raamwerk, as sou:

(volgens beswaargrond 1) "*die Nagmaal **net** met 'n gemeenskaplike drinkbeker gehou moet word,* en

(volgens beswaargrond 2) dit "***slegs** die moontlikheid van Nagmaalviering met 'n gemeenskaplike drinkbeker moontlik maak waar daar **geen alternatiewe weë van nagmaalviering is nie**.*

Die toetsing van hierdie gemeenskaplike vertrekpunt is van deurslaggewende belang in die beoordeling van die beswaar teen "*bepaalde formulerings"* van 2003 se besluit.

3.2 Relevante aspekte in die beoordeling van die gemeenskaplike vertrekpunt van beswaarde.

Ten einde die vertrekpunt van die beswaarde te beoordeel, moet die volgende aspekte van die besluit van 2003 in gedagte gehou word: (alle aanhalings uit die besluit self)

3.2.1 'n "*Prinsipiële raamwerk"* word gegee, en nie gewoon 'n besluit geneem nie.

3.2.2 Die raamwerk is op die Skrif gebaseer.

3.2.3 Die raamwerk maak duidelik onderskeid tussen *wesentlike aspekte* (die brood en die wyn) en *sakramentele handelinge,* (dat "*die brood aan almal uitgedeel moet word..."* en dat *die "beker wyn aan almal uitgedeel moet word").*

3.2.4 Volgens die raamwerk:

(a) *moet die beker wyn aan almal uitgedeel word",*

(b) *dien die drink van wyn uit ('n) gemeenskaplike drinkbeker(s) om die geestelike geloofseenheid in Christus te simboliseer;*

(c) *het die drinkbeker, saam met die wyn as teken, 'n prominente plek en funksies.*

3.2.5 Die raamwerk het ten doel "*om kerke in hul uitvoering van KO, art 62 van advies te bedien*".

3.2.6 Die raamwerk as advies word gegee "*in plaas daarvan om in 'n bepaalde voorskriftelikheid te verval".*

3.2.7 Die Sinode gaan hierdie weg van advies deur 'n prinsipiële raamwerk op "*in die lig van NGB, art 32".*

3.2.8 Die besluit van Sinode 2003 laat die moontlikheid oop dat "*daar in 'n plaaslike kerk alternatiewe weë van Nagmaalsviering binne die gestelde raamwerk mag voorkom"* in welke geval daar "*met die liefde van Christus die nodige agting en begrip vir mekaar getoon behoort te word".*

Samevatting: Samevattend en saam met mekaar gelees dui al hierdie punte daarop dat die Sinode **nie die besluit wat Kerkrade self moet neem** (KO, art 62 soos in 1 van die vertrekpunte aangehaal) **aan willekeur wil oorlaat nie**, maar 'n prinsipiële raamwerk gee. Aan die ander kant wil die Sinode **nie voorskriftelik wees nie** en wil die Sinode kerke van "advies bedien". Die Sinode bedien die kerke met 'n prinsipiële raamwerk.

Besluit: Kennis geneem van 3.1.1 tot 3.2.8.

4. Beoordeling van Beswaargrond 1

4.1 **Beswaargrond 1 lui soos volg:** *Punt 2.2 van die Sinodebesluit (Acta 2003)* (3.1.2.1 hierbo), *word gebruik om die duidelike bedoeling wat die prinsipiële raamwerk stel dat die Nagmaal net met 'n gemeenskaplike drinkbeker gehou moet word onder verdenking te bring en so kragteloos te maak.*

4.2 **Die vertrekpunt van Beswaargrond 1 is foutief**

Die Sinode het nie in sy prinsipiële raamwerk en in geen vorige besluite dit kategories gestel dat die "*Nagmaal net met 'n gemeenskaplike drinkbeker gehou moet word*" nie. Die Beswaarskrif van Schulze, Visser en Coetzee in 2003 was ook nie gerig teen 2.2

nie en 2.2 het na die slaag van die genoemde Beswaarskrif steeds as vertrekpunt van die prinsipiële raamwerk gedien.

Punte 3.2.1 tot 3.2.8 hierbo weerspreek gesamentlik die aanspraak van "*net*" en "*moet*" t.o.v. die gemeenskaplike drinkbeker.

4.3 **Motivering 1 (4.1.1)**

In die lig hiervan kan 4.1.1 van die motivering van die beswaarde waar hy teen die gebruik van die **woord "advies**" beswaar, maak nie opgaan nie. Hy beweer dat die begrip "advies" in 2.2 gebruik word om die hele prinsipiële raamwerk kragteloos te maak.

Die woord advies is op geen plek in die Belydenis, Kerkorde of Sinodebesluite gedefinieer nie. Die woord word in kerklike kringe op verskillende maniere gebruik. Daarom is dit nodig om die woord advies telkens **in die verband** waarin dit gebruik word, te lees.

In 2.2 word advies in 'n bepaalde verband gebruik, veral dat dit gestel word as teenpool teenoor "*om in 'n bepaalde voorskriftelikheid te verval".* Dan kan die begrip nie die besluit kragteloos maak nie.

4.4. **Motivering 2 (4.1.2)**

Die beswaarde stel in 4.1.2 dat 2.2 'n "*misplaasde verwysing na NGB, art 32*" is, en dat die "*prinsipiële raamwerk so onder verdenking gebring word*". Daarom wil sy beswaar dat 2.2 geskrap moet word. Die beswaarde bewys egter glad nie hoe 2.2 'n misplaasde verwysing na NGB, art 32 bevat nie. Art 32 bevat die beginsel wat in KO, art 62 tot uitdrukking gebring word.

Besluit: Kennis geneem van 4.1 tot 4.4.

5. Aanbeveling

Die beswaar word nie gehandhaaf nie want die Beswaarskrif

5.1 Gaan uit van 'n eensydige en foutiewe vertrekpunt dat die Nagmaal net met 'n gemeenskaplike beker gehou moet word (4.1).

5.2 fouteer hy deur "advies" nie in konteks te verreken nie (4.1.1) en

5.3 bied geen bewyse dat daar 'n misplaasde verwysing na NGB, art 32 is nie.

Besluit: Goedgekeur.

6. Beoordeling van Beswaargrond 2 (4.2)

6.1 **Inhoud**

Die beswaar is gerig teen 4.4 (Acta 2003), (3.2.8 hierbo). Die beswaarde beweer in Beswaargrond 2 dat die Sinode in 4.4 homself weerspreek, en vra dat die betrokke punt geskrap moet word.

6.2 **Vertrekpunt**

Wesentlik dieselfde as by Beswaargrond 1, dat die prinsipiële raamwerk : ***slegs*** *die moontlikheid van Nagmaalviering met 'n gemeenskaplike drinkbeker moontlik maak waar daar* ***geen alternatiewe weë van Nagmaalviering is nie*****.**

Hierdie vertrekpunt is reeds as foutief uitgewys in 3.2 en 4.2 hierbo.

6.3 **Verdere beoordeling**

Verder is 4.4 in ooreenstemming met die beginsels wat in artikels 62 en 85 van die Kerkorde gestel word. Punt 4.4 stel *dat waar alternatiewe weë van Nagmaalviering binne die gestelde raamwerk mag voorkom, behoort daar met die liefde van Christus die nodige agting en begrip vir mekaar getoon word.* Die *alternatiewe weë* word deur die woorde "*binne die gestelde raamwerk*" regstreeks met die saak waarvoor die prinsipiële raamwerk gehandel word, verbind, dus met die prominente plek van die beker.

In KO, art 62 word die verantwoordelikheid van die plaaslike kerk beklemtoon in die besluit oor Nagmaalviering, wat tot die bepaalde gemeente se meeste stigting dien. Dit mag natuurlik nie die seremonies wat regstreeks in die Woord voorgeskryf is verander nie, soos die voorbeelde wat in die artikel genoem: dat na die preek en algemene gebede die Formulier van die Nagmaal en die gebede wat daarby behoort, gelees

moet word. In KO, art 85 gaan dit om buitelandse kerke en die nie-veroordeel van hulle. Die woord in Latyn wat vertaal is met “gebruike” is *ritus* en dui dus ook op nie-veroordeling van kerke met wie ons in ekumeniese eenheid is, wat nie net die drinkbeker gebruik nie.

Besluit: Kennis geneem van 6.1 tot 6.3.

7. Aanbeveling

Die beswaar word nie gehandhaaf nie omdat die Beswaarskrif

7.1 Uitgaan van ‘n eensydige en foutiewe vertrekpunt dat daar geen alternatiewe weë van Nagmaalviering is nie.

7.2 Sy beswaar mik teen ‘n besluit wat volledig gegrond is op KO, artt 62 en 85.

7.3 Nie aantoon dat die punt waarteen hy beswaar maak die gestelde prinsipiële raamwerk weerspreek nie, maar dat dit juis noodsaaklik is omdat, soos, hierbo uitgewys, die raamwerk nie voorskriftelik werk met “*net*” en “*geen alternatiewe weë”* nie.

Besluit: Goedgekeur.

8. Aanbeveling

8.1 Die Beswaarskrif word nie gehandhaaf nie.

8.2 Die Deputate Uitgee van die Handelinge word versoek om die besluit soos in die Errata van Acta 2003 weer in die Handelinge te publiseer.

Besluit: Goedgekeur.

G. **MINDERHEIDSRAPPORT VAN DIE KOMMISSIE**

1. Opdrag

Beswaarskrif van JL Kruger rakende die besluit van die Sinode 2003 – oor die Nagmaalsviering.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

2.1 Die beswaardes volg die weg wat Sinode 1991 gestel het vir die indiening van Beswaarskrifte.

2.2 In die Kommissie is geleentheid gegee vir mondelinge toeligting.

Besluit: Kennis geneem.

3. Beoordeling van beswaargronde

3.1 *Beswaargrond 1*

Punt 2.2 van die Sinodebesluit (Acta 2003) word gebruik om die duidelike bedoeling wat die prinsipiële raamwerk stel dat die Nagmaal net met ‘n gemeenskaplike drinkbeker gehou moet word onder verdenking te bring en so kragteloos te maak.

3.1.1 <u>Beredenering oor 4.1.1</u>

3.1.1.1 Die beswaargrond redeneer dat die woord “advies” in 2.2 en 4.1 van Sinodebesluit 2003 aanleiding gee tot teenstrydige vertolkings van die Sinodebesluit. Die beswaargrond redeneer verder dat die woord advies by sommige die implikasie het dat die prinsipiële raamwerk gevolg kan word of nie. Op grond hiervan vind die broeder die woord “advies” problematies. Maar, die broeder wys verder self uit dat **advies** van ‘n meerdere vergadering tog bindend is behoudens die reg van appèl. Die broeder aanvaar dus dat ‘n Sinode se advies waarop in die **lig van die Skrif** besluit is, altyd bindend is.

3.1.1.2 Indien raadgewers of adviseurs sou verstaan dat die Sinode met sy advies bloot net raad of ondersteuning wou gee, kon die Sinode dit eerstens nie ‘n **prinsipiële** raamwerk genoem het nie. Prinsipieel beteken immers dat dit op die Skrif berus en daarom bindend is. Tweedens kan **advies** waarop die Sinode in terme van KO, art 31 besluit het, nooit bloot raad of ondersteuning wees nie. ‘n Sinode is immers nie veronderstel om advies te gee wat nie op Skrif, Belydenis en Kerkorde berus nie.

Daarby is dit ook nie die **Sinode** se advies wat soseer bindend is nie, maar **Christus** wat ons aan sy Woord bind.

3.1.1.3 2.2 van Sinode 2003 stel: “In plaas daarvan om in ‘n bepaalde voorskriftelikheid te verval ... verkies die Sinode ... om kerke ... van **advies** te bedien, en in 4.1 keur die Sinode die prinsipiële raamwerk goed as dié advies. Die Sinodebesluit wil dus nie voorskriftelik wees oor dinge waaraan die Skrif (dws **Christus**) ons nie bind nie, maar wel aan wat die Skrif ons leer soos vervat in die prinsipiële raamwerk.

3.1.1.4 Die broeder aanvaar dat die advies van die prinsipiële raamwerk wel bindend is aangesien dit op die Skrif en Belydenis berus. Aangesien die broeder dit sélf aanvaar, beteken dit dat die woord “advies” die prinsipiële raamwerk nie in gedrang bring nie.

3.1.2 Beredenering oor 4.1.2

3.1.2.1 Die broeder beweer dat die tweede gedeelte van KO, art 62 (“dit moet egter goed verstaan word dat die uitwendige seremonies wat in die Woord van God voorgeskryf is, nie verander mag word nie...”), wat volgens hom, “pragtig in die prinsipiële raamwerk uitgedruk word”, onder verdenking gebring word, *deur* “’n misplaaste verwysing na NGB, art 32”.

3.1.2.2 Tereg lui die besluit dat die Sinode nie in “’n bepaalde voorskriftelikheid” wil verval nie, maar verkies om “in die lig van NGB, art 32 kerke in hul uitvoering van KO, art 62 van advies, (*natuurlik advies in die lig van die Skrif*), te bedien.”

3.1.2.3 Die verwysing na NGB, art 32 bevestig juis dat die Sinode hom wou hou aan wat uit die Woord van God vasstaan, dus: “*nie afwyk van wat Christus, ons enigste Leermeester, vir ons ingestel het nie*”, nie “*mense se gewetens*” wil “*bind*” deur “*menslike versinsels*” of “*wette*” in te voer nie, maar kerke van advies te bedien “*om alles in gehoorsaamheid aan God te onderhou.*”

3.1.3 Beredenering oor “dat die Nagmaal net met ‘n gemeenskaplike drinkbeker gehou moet word”

3.1.3.1 Die broeder redeneer dat dit die duidelike bedoeling van die prinsipiële raamwerk is dat die Nagmaal **net** met ‘n gemeenskaplike drinkbeker gehou moet word.

3.1.3.2 Die argument is korrek in soverre as dat daar binne die prinsipiële raamwerk geen ander liturgiese handeling met die wyn voorgehou word nie, as dat dit by wyse van (‘n) gemeenskaplike drinkbeker(s) gedrink moet word.

3.1.3.3 Waar daar egter in ‘n uitsonderlike pastorale situasie gewigtige redes gevind word waarom ‘n lidmaat/e nie uit ‘n gemeenskaplike drinkbeker kan drink nie, kan ‘n alternatiewe reëling binne die prinsipiële raamwerk getref word, om so ‘n lidmaat/e tegemoet te kom (vgl 4.4 van die Sinode 2003). So ‘n reëling moet egter by wyse van uitsondering plaasvind, sodat, soos KO, art 62 bepaal, die uitwendige seremonie van (‘n) gemeenskaplike drinkbeker(s) nie daarmee in gedrang gebring word nie. Daarom is die broeder se afleiding dat daar binne die prinsipiële raamwerk net een manier van gebruik van die beker moontlik is, nie heeltemal korrek nie.

3.1.4 Bevinding

3.1.4.1 (Oor 3.1.1) – Die woord “advies” in 2.2 van die Sinodebesluit maak die prinsipiële raamwerk nie kragteloos nie.

3.1.4.2 (Oor 3.1.2) – Die verwysing na NGB, art 32 in die Sinodebesluit is nie misplaas nie.

3.1.4.3 (Oor 3.1.3) – Die broeder is in sy afleiding dat daar binne die prinsipiële raamwerk net een manier van gebruik van die beker moontlik is, nie heeltemal korrek nie.

Besluit: Kennis geneem van 3.1 tot 3.1.4.3.

3.1.5 Aanbeveling

Beswaargrond 1 word nie gehandhaaf nie.

Besluit: Goedgekeur.

3.2 *Beswaargrond 2*

In 4.4 (Acta 2003) weerspreek die Sinode homself.

3.2.1 Beredenering

Die broeder beweer dat die uitdrukking "alternatiewe weë" in 4.4 van die Sinodebesluit tot verwarrende interpretasies aanleiding gee. Die besluit stel dit egter duidelik dat alternatiewe weë alleen **binne** die prinsipiële raamwerk mag bestaan. Indien verwarrende interpretasies na aanleiding van 'alternatiewe weë' gegee word, is dit nie vanweë 'n onduidelike besluit nie, maar weens ongeldige interpretasies van die besluit. Weereens, die besluit is duidelik daaroor dat alternatiewe weë nie buite die prinsipiële raamwerk mag bestaan nie.

3.2.2 Bevinding

Punt 4.4 (Acta 2003) weerspreek nie die Sinodebesluit nie.

Besluit: Kennis geneem van 3.2.1 en 3.2.2.

3.2.3 Aanbeveling

Beswaargrond 2 word nie gehandhaaf nie.

Besluit: Goedgekeur.

4. Samevattende aanbeveling

4.1 Die Beswaarskrif word nie gehandhaaf nie.

Besluit: Goedgekeur.

H. **ERRATA – HANDELINGE 2003:530, 536-539, [vanaf pt 4.2, p530]**

Handelinge 2003:530

4.2 Wat Beswaargrond 2.2 betref: die beswaar word nie gehandhaaf nie.

Besluit: Goedgekeur.

Motivering: Die beswaar is te kategories gestel – "In sy letterlike betekenis is die besluit onuitvoerbaar."

Die vertrekpunt van die beswaardes in hierdie redenasie is die afwyking van kelkies, terwyl die vertrekpunt van die Sinode die verantwoording uit die Skrif is. Daar is dus 'n logiese leemte tussen 2.2.1 en 2.2.2.

Besluit: Kennis geneem.

4.3 Wat Beswaargrond 2.3 betref: die beswaar word nie gehandhaaf nie.

Besluit: Goedgekeur.

Motivering: Alhoewel meer as een beker dalk gebruik word, verdwyn die gemeenskaplikheid nie daarmee nie. Dit skep nie verwarring in die sin van dit wat in die sakrament be-TEKEN word nie, en ook nie in dit wat KO, art.62 in die oog het nie.

Besluit: Kennis geneem.

4.4 Wat Beswaargrond 2.4 betref: die beswaar word nie gehandhaaf nie.

Besluit: Goedgekeur.

Motivering: Dit wat in die betrokke besluit voorgeskryf word, is dat wat gedoen word (afwyk, of wat ook al) met verantwoording uit die Skrif gedoen moet word. Dit kan tog nie as voorskriftelikheid bestempel word nie. Verder het ons as kerke sekere dinge met mekaar afgespreek wat kragtens kerkverband gerespekteer moet word. Die beswaardes toon ook nie uit die Woord, Belydenis of Kerkorde aan dat hierdie besluit onnodig voorskriftelik is nie.

Besluit: Kennis geneem.

4.5 Wat Beswaargrond 2.5 betref: die beswaar word nie gehandhaaf nie.

Besluit: Goedgekeur.

Motivering: Die betrokke besluit bind aan die Skrif, Belydenis en Kerkorde, maar is nie onnodig voorskriftelik nie. Blykbaar verstaan die beswaardes KO, art.62 nie reg nie. Die bewoording in KO, art.62 "tot die meeste stigting" raak net middelmatige sake soos lopende Nagmaal, moet die predikant uit die Bybel lees, terwyl die lidmate aan tafel is of moet hulle

sing, ens. Vergelyk hiervoor J. Jansen 1952 Korte Verklaring van die Kerkorde der Gereformeerde Kerken, Kampen: Kok, p.273-277 (bespreking van art.62).
Besluit: Kennis geneem.

5. Aanbeveling

5.1 Die beswaar word op sterkte van die Eerste Beswaargrond gehandhaaf.

5.2 Wat die versoek betref, beveel die Kommissie op grond van die gedeeltelike handhawing van die beswaar aan dat die besluit van 2000 (p.401, 3.2.2.3) nie geskrap word nie, maar hergeformuleer word (vgl 4.1 van hierdie Rapport).

Besluit: Goedgekeur.

Handelinge 2003:536-539

3.1.2 Bevinding

Die formulering van 3.2.2.2 is inderdaad nie steekhoudend of logies nie. Dit is onduidelike taal wat nie binne die konteks en in die hoedanigheid as advies vir die kerke tot hulp is nie.
Besluit: Kennis geneem.

3.1.3 Aanbeveling

Hierdie Beswaargrond word gehandhaaf.
Dat die Sinode dit oorweeg om die volgende wysiging aan te bring by 3.2.2.2 van die prinsipiële raamwerk: "Die beker wyn moet aan almal uitgedeel word met die opdrag..."
Besluit: Goedgekeur.

3.2 Beswaargrond 2

Inhoudelik gesien leen die formulering van die slot van die sakramentele handelinge (3.2.2.3) onbedoeld tot paradoksale vertolking.

3.2.1 Beredenering

Die prinsipiële raamwerk gee aan die beker met wyn 'n prominente plek en funksie. Die uitgangspunt is dat beker en wyn direk aanmekaar gebind is. Terwyl die Sinode met 3.2.2.3 die ordelike weg wil aandui hoe uitsonderlike gevalle by kerke hanteer moet word, maak die formulering hom onbedoeld oop vir teenstrydige vertolkings, wat tog nie die bedoeling van die Sinode kon gewees het nie.

3.2.2 Bevinding

Binne die verband van die prinsipiële raamwerk laat die formulering van 3.2.2.3 hom onbedoeld oop vir teenstrydige interpretasies.
Besluit: Kennis geneem.

3.2.3 Aanbeveling

Hierdie Beswaargrond word gehandhaaf.
Besluit: Goedgekeur.

3.3 Beswaargrond 3

Skriftuurlik gesien is die Skrif oor die instelling van die Nagmaal duidelik, Die Skrif se bedoeling word nie duidelik in die formulering van die besluite van die Sinode weergegee nie.

3.3.1 Beredenering

Die bedoeling van die Skrif oor die instelling van die Nagmaal is duidelik. Hierdie Skrifbedoeling word nie duidelik genoeg in die besluit (3.2.2.2 en 3.2.2.3 van die prinsipiële raamwerk) weergegee nie. In die eksegetiese materiaal wat aan die Kommissie voorgelê is word dit so aangetoon.

3.3.2 Bevinding

Dat 3.2.2.3 van die prinsipiële raamwerk die bedoeling van die Skrif nie duidelik genoeg weergee nie. Dit word bevestig deur die problematiek rondom die formulering van 3.2.2.3. (Wat 3.2.2.2 van die prinsipiële raamwerk se formulering betref, vgl 3.1.2 van hierdie Rapport.)
Besluit: Kennis geneem.

3.3.3 Aanbeveling
Hierdie Beswaargrond word gehandhaaf.
Besluit: Goedgekeur.

3.4 Beswaargrond 4
Konfessioneel gesien kom die Nagmaalsformulier en die Geref. Belydenisskrifte met die Skrif ooreen en leer duidelik die Nagmaalsviering as goddelike instelling met brood en beker. Die huidige praktyk om die instelling van kelkies met ‘n beroep op ‘n Sinodebesluit, maar sonder voldoende Skrifgegewens, te kondoneer is ‘n verloëning van NGB, artt.7 en 29.
3.4.1 Beredenering
Die Belydenis en Nagmaalsformulier kom duidelik met die Skrif ooreen waarin die beker en wyn aan mekaar verbind word. Indien daar afgewyk word van die gemeenskaplike beker bring dit spanning met die Belydenis en Nagmaalsformulier mee.
3.4.2 Bevinding
Die verwarrende formulering van 3.2.2.3 van die prinsipiële raamwerk kan spanning met die Belydenis en Nagmaalsformulier meebring.
Besluit: Kennis geneem.
3.4.3 Aanbeveling
Hierdie Beswaargrond word gehandhaaf.
Besluit: Goedgekeur.

3.5 Beswaargrond 5
Semanties gesien kan die spel met stylfigure enige teks of perikoop vir meervoudige "interpretasie" vatbaar maak.
3.5.1 Beredenering
Beker kan binne die Skrif nie 'n blote sinekdogee wees nie, aangesien die Beker besliste openbaringshistoriese elemente vertoon. Die beker word deur Lukas en Paulus in verband gebring met die verbond. Dit dui weereens daarop dat die beker 'n baie wyer betekenisveld beslaan en dit moet openbaringshistories verstaan word. In hierdie geval kry die beker 'n verbondsklem by die bloed van Christus.
3.5.2 Bevinding
Hierdie Beswaargrond lê meer op die vlak van die **interpretasie** van 3.2.2.3 as wat dit betrekking het op die besluit self.
Besluit: Kennis geneem.
3.5.3 Aanbeveling
Dat hierdie beswaar nie gehandhaaf word nie.
Besluit: Goedgekeur.

4. Samevattende aanbevelings
4.1 Die beswaar word gehandhaaf op grond van Beswaargronde 1-4.
Besluit: Goedgekeur.
4.2 Implikasies
4.2.1 Dat daar genoegsaam aangetoon is dat 3.2.2.3 van die prinsipiële raamwerk geherformuleer word om verwarring uit te skakel.
4.2.2 Indien die Sinode 4.2.1 hierbo aanvaar kan die Kommissie ‘n herformulering ter oorweging aan die Sinode voorhou.
Besluit:
1. Goedgekeur.
2. Punt 3.2.2.3 in Acta 2000:401 word geskrap.

F. RAPPORT VAN DIE AD HOC KOMMISSIE VIR PRE-ADVIES INSAKE NAGMAALSVIERING

1. Opdrag

Om die Sinode van advies te bedien oor Rapport Voortgaande studie oor die Nagmaal en Tweede Rapport van die Kommissie : Leerstellig 1.

Besluit: Kennis geneem.

2. Vertrekpunte

2.1 Kerkorde, art.62: "Elke kerk moet die nagmaal hou op die wyse wat na sy oordeel tot die meeste stigting dien. Dit moet egter goed verstaan word dat die uitwendige seremonies wat in die Woord van God voorgeskryf is, nie verander mag word nie, dat alle bygeloof vermy moet word en dat ná die preek en algemene gebede, die formulier van die Heilige Nagmaal, asook die gebed wat daarby behoort, gelees moet word".

2.2 In plaas daarvan om in ‘n bepaalde voorskriftelikheid te verval, verkies die Sinode in die lig van NGB, art.32 om kerke in hulle uitvoering van KO, art.62 van advies te bedien deur ‘n prinsipiële raamwerk – soos hieronder uiteengesit – te stel.

Besluit: Kennis geneem.

3. Prinsipiële raamwerk oor die wyse van Nagmaalsviering

Inleidend

Hierdie feesmaal is ‘n geestelike maaltyd waar Christus Homself met al sy weldade aan ons meedeel en waar Hy ons Homself en die verdienste van sy lyding en sterwe laat geniet (NGB, art.35).

3.1 Die brood en wyn moet as tekens en seëls van die liggaam en bloed van Christus gebruik word (Matt 26:26-28; 1 Kor 11:23-26; NGB, art.35; HK, 25-29).

3.2 Daar moet by die viering van die Nagmaal tussen wesentlike aspekte en sakramentele handelinge onderskei word. Kerke behoort KO, art.62 dan binne die volgende raamwerk toe te pas:

3.2.1 <u>Wesentlike aspekte</u>

By die bediening van die heilige Nagmaal moet die dood van die Here in woord en daad verkondig word ("Doen dit tot my gedagtenis" (Luk 22:19); "verkondig die dood van die Here totdat Hy kom" (1 Kor 11:26)).

3.2.1.1 Die brood moet in geloof as teken en seël van die liggaam van Christus geëet word (vgl NGB, art.35; HK, 25-29).

3.2.1.2 Die wyn moet in geloof as teken en seël van die bloed van Christus gedrink word. Vergelyk die volgende Skrifgegewens:

"Drink almal daaruit" (Matt 26:28)

"Neem dit en deel dit onder julle"(Luk 22:17)

"Doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis"(1 Kor 11:25)

"So dikwels as julle hierdie brood eet of die beker van die Here drink, verkondig (julle) die dood van die Here totdat Hy kom"(1 Kor 11:26)

"Maar elkeen moet homself ondersoek voor hy van die brood eet en uit die beker drink"(1 Kor 11:28)

"As julle saamkom om nagmaal te vier, wag vir mekaar"(1 Kor 11:33).

Alhoewel Christus nie in een van die opdragte uitdruklik na wyn verwys nie, is die verband telkens duidelik van so ‘n aard dat Hy bedoel dat wyn gedrink moet word as teken en seël van die bloed van Christus (NGB, art.35; HK, 25, 28, 29).

Besluit: Goedgekeur.

3.2.2 <u>Sakramentele handelinge</u>

Die Nagmaal het ‘n maaltydkarakter en word gesamentlik deur die gelowiges gevier (1 Kor 11:33). Dit maak daarvan ‘n gemeenskaps- en liefdesmaal gegrondves in die eenheid met Christus (vgl Joh 13-16, 1 Kor 10:16,17).

3.2.2.1 Die brood moet aan almal uitgedeel word met die opdrag: "Neem, eet" (Matt 26:26; Mark 14:22; 1 Kor 11:23). Met hierdie sakramentele handeling word die feit dat

Jesus sy liggaam as offer vir die sondes van ons almal gegee het, duidelik na vore gebring.

3.2.2.2 Die beker wyn moet aan almal uitgedeel word met die opdrag: "Drink almal daaruit" (Matt 26:28). Die drink van die wyn uit (‘n) gemeenskaplike drinkbeker(s) dien om die geestelike geloofseenheid in Christus te simboliseer. Daarom het die drinkbeker, saam met die wyn as teken, ‘n prominente plek en funksies.

Besluit: Goedgekeur.

4. Aanbevelings

4.1 Die Sinode keur bogenoemde prinsipiële raamwerk goed as advies aan kerke in hulle uitvoering van KO, art.62.

4.2 Die bogenoemde prinsipiële raamwerk dien as antwoord op die Beswaarskrifte teen die besluite van Sinode 1927 en 1930 (Acta 1994 :493-524).

4.3 Die prinsipiële raamwerk vervang die besluite van Sinode 1927 en 1930 en gevolglik ook die besluit in 6.6 (Acta:729) van Sinode 1997.

4.4 Waar daar in ‘n plaaslike kerk alternatiewe weë van Nagmaalsviering binne die gestelde raamwerk mag voorkom, behoort daar met die liefde van Christus die nodige agting en begrip vir mekaar getoon word.

Besluit:

1. Goedgekeur.

2. Dat die volgende woorde in punt 3.2.2.3 in Acta 2000:401 geskrap word: “Indien kerke om gewigtige redes van gemeenskaplike drinkbekers afwyk, moet dit met verantwoording uit die Skrif gedoen word.”